DANKBETUIGINGS

Opregte dank aan:

- Prof J.G. Le Roux, my studieleier vir al sy geduld, hulp en raad, asook vir sy opregte belangstelling in my navorsingsprojek.

- Hennie Gerber vir sy hulp met die statistiese verwerking en interpretasie van die data.

- My man Maarten vir sy ondersteuning en begrip en die geleentheid wat hy my gegee het om my studies te kan voltooi.

- Dr Charl Schutte vir die taal versorging.

- My ouers en skoonouers vir hul hulp en ondersteuning.

- Al die skoolhoofde en krieketafrigters wat vir my die tyd en geleentheid gegee het om met die krieketspelers te kon werk.

- Almal wat wetend of onwetend deel was van die skripsie.

Aan God al die eer wat ons in staat stel om ons deel by te dra om Sy skepping in stand te hou.

PERSOONLIKHEIDSTREKKE VAN SPORTDEELNEMERS MET SPESIFIEKE VERWYSING NA KRIEKETSPELERS

Deur H Coetzee

Graad : Magister Educationis – met spesialisering in Voorligting

Universiteit : Universiteit van Suid-Afrika

Studieleier : Professor J.G. Le Roux

OPSOMMING

Hierdie studie het ten doel gehad om:

- Vas te stel of daar ‘n verband is tussen bepaalde persoonlikheidstrekke en sportdeelname.
- Vas te stel of bepaalde persoonlikheidstrekke by krieketspelers figureer in die algemeen en ten opsigte van speelvlakke, speelposisies en ouderdomme.

Die literatuurondersoek het getoon dat die studie van persoonlikheid ‘n komplekse term is. Persoonlikheid word nie as staties beskou nie aangesien dit in ‘n groot mate op aangeleerde eienskappe en response berus. Die literatuurstudie het interessante bevindinge opgelewer en daar is afgelei dat daar wel ‘n verband bestaan tussen persoonlikheidstrekke en sportdeelname.

Die empiriese ondersoek het bevind dat sekere persoonlikheidstrekke oor die algemeen sterker by krieketspelers figureer as ander. Hierdie trekke is opportunisme, realisme, aggressiwiteit en ekstroversie. Ook ten opsigte van speelvlakke, speelposisies en ouderdom figureer sekere persoonlikheidstrekke sterker by

krieketspelers as ander. Dit wil voorkom asof krieketspelers op klubvlak neig om ‘n hoër vooroordeel te toon as krieketspelers op skoolvlak. Verder neig klub krieketspelers om meer selfbeheersd te wees as skool krieketspelers, terwyl konkrete denke sterker by skool krieketspelers figureer.

Boulers toon ‘n groter minagting van sosiale reëls, en is ook meer geesdriftig en waaghalsig as kolwers en paaltjiewagters. Kolwers is weer meer prakties en versigtig, terwyl paaltjiewagters neig om meer ekstroverties en deelnemend te wees.

Laastens neig ouer krieketspelers om ‘n hoër vooroordeel te toon en om meer geesdriftig, selfversekerd en selfgedissiplineerd te wees as jonger krieketspelers.

SLEUTELWOORDE

Persoonlikheid
Sport
Persoonlikheidstrekke
Persoonlikheidsteorieë
Sportdeelnemers
Krieketspelers
Persoon
Temperament
Karakter
Kwantitaitewe-kwalitatiewe navorsingsmetode